Bettysbaai Buurtwag

Noodnommer: 072 015 5729
Koördineerder: 082 528 6053
E pos-adres: bbaynhw16@gmail.com

BBBW INFO BULLETIN 2 VAN 2021

Liewe lede **DANKIE!**

1. Dankie weer eens, for jul geldelike bydraes tot ons rekening deur die Bettysbaai-belastingbetalersvereniging. Hierdie fondse is uiters belangrik om ons nuwe selfoonradio's in werking te hou en ons in staat te stel om verdere wagoperasies te beplan.

2. Die verslae wat julle vir ons gestuur het sedert die vorige bulletin was uiters waardevol en baie positief. Dankie.

3. Laat my net toe om ons lede te herinner dat die nood- en misdaad-aanmeldgroep slegs te make het met u eie noodsituasie of wanneer u self sien dat n misdaad aan die gebeur is. Onderaan elke misdaadverslag verskyn daar belangrike telefoonnommers om te skakel in verband met ander gebeurlikhede.

BRANDKRANE

4. 'n Aantal lede ondersteun die "aanneem van 'n brandkraan"-inisiatief van die Brand- en Reddingspan. Ek bevel sterk aan dat ons die inisiatief ondersteun aangesien dit 'n direkte bydrae kan lewer tot ons veiligheid op die een of ander stadium. Ek is oortuig dat as meer van ons hierby inskakel, dit tot ons almal se voordeel sal wees. Ek begin solank ons name aanstuur na die Brand- en Reddingspan se bestuur.

STRAATNAME

5. Straatname in ons dorpie raak al hoe moeiliker leesbaar weens oormatig welige plantegroei of deurdat dit so geplaas word dat dit onleesbaar raak. Kan diegene van ons wat 'n straatnaambordjie het, dit nie tog maar onder hul vlerk neem en verseker dat dit in goeie orde is, as 'n bykomstige projek nie?

HUISNOMMERS

6. Dankie vir al daardie lede wat reeds erf- en huisnommers aangebring het. Dit vergemaklik ons taak aansienlik wanneer ons besig is met soektogte en aanmelding. Ons versoek ernstig dat beide erf- en straatnommer sigbaar is op ons mure.

SKERP BUITELIGTE

7. Ek verstaan dat mense graag hulle eiendom snags wil verlig om sekuriteitsredes. Mag ek tog vra dat die lig nie verder skyn as u eiendom se grens nie? Die rede hiervoor is dat skerp ligte ons voetpatrollies verblind, en dat hulle dan vir 'n tyd lank nie ander dinge kan waarneem nie. As hulle dan iets in die bosse hoor, kan hulle nie uitmaak wat dit is nie. Dit maak ook nagsigtoerusting nutteloos. Dankie.

PAAIE-PROJEK

8. Ons wil graag die Bettysbaaibelastingbetalersvereniging bystaan mbt die assessering van paaie en om vir hulle 'n telling en status te gee. Dankie aan julle wat reeds jul gewilligheid om te help, aangedui het. Richard het laat weet dat hulle amper gereed is om te begin.

KAMERAPROJEK

9. Betrokkenes.

a.	BBBV (konsep/projekeienaar)	Bill Steyn
b.	BBBW (projekbestuurder)	Wayne Jackson
c.	Die Hangklip/Kleinmond GPF (veiligheidshoof)	Jacques Oosthuizen
d.	Sandown Bay Security (hoofvennoot)	Brian Van Der Merwe
e.	Kleinmond SRA (vennoot)	Dr Vic
f.	Kleinmond Straatwag (vennoot)	Johan Toerien
g.	Perseelvoorsiener Nr. 1 (kameraperseel/elek/wifi)	Dr Flip Du Plessis
h	Overstrand Munisipaliteit en span (beheerkamer)	Director Neville Michaels
i.	Tegniese adviseur vir kameravoorsiener	
j.	Kameravoorsiener	
k.	Kleinmond SAPD (vennote)	Kol May/WO Mossie
l.	NAVIC (inligtingdiensverskaffer)	Jaco
m.	Bettysbaai Dorp (finansies)	Spesifieke individue

10. Jongste kameranuus

a. Ek het ‘n vinnige vergadering met Bill Steyn gehad om hom in te lig oor ons voornemens en vordering. Hy het dit ondersteun.

b. Ons het onlangs ‘n vergadering met Dir. Michaels en sy span gehad. Dit klink asof hulle ‘n plan het vir kameras dwarsoor die Overberg. Hierdie plan is nou gekonseptualiseer sonder infrastruktuur. Ons verstaan hulle uitdaging en administratiewe rompslomp heeltemal. Tans het hulle die hardeware in plek vir die skakeling van baie kameras na ‘n sentrale punt. Intussen gaan al die dorpies voort met die opstel van kameras wat met NAVIC en vennote skakel. Wanneer die Overstrand Munisipaliteit gereed is, sal ons ons kameras met hulle deel en ‘n gesamentlike wag koördineer met hulle toegevoegde infrastruktuur.

c. Ek het vergader met Dr Flip du Plessis wat ons gaan toelaat om ‘n kamerapaal op sy erf te plaas. Hy sal die krag voorsien en onbeperkte wifi verskaf wat die datavloei sal akkommodeer.

d. Na ‘n vergadering met die tegniese raadgewer en voorsiener met al die buurtwagte, het Dr Vic voorgestel dat hulle daarin sou belangstel om die uitgawes van die eerste kamera te deel, omdat hulle direk sal baat by die data.

e. Ons wag tans op kwotasies van die die kameravoorsiener en installeerder om te kan weet presies wat die kostes sal wees. Op die oomblik beskik ons oor net R100 000 vir kameras, en ek beoog om drie LPR-kamera-opstellings in ons dorpie daar te stel. Ons moet hierdie fondse so ver moontlik rek, en soveel as moontlik vennote probeer kry. Die rede hiervoor is, dat sodra ons die LPR-kameranetwerk opgestel het, ons dan kan konsentreer op die inwerkingstel van PTZ-kameras in bepaalde hoë-risiko-gebiede in ons dorpie. Die taak is groot en die geld is min, en die onderhandelinge is, om die minste te sê, frustrerend.

11. Beoogde plasing van die kameras.



OPENBARE VERGADERING

12. Vir eers gaan ons nie openbare vergaderings hou nie; individue of groepe kan egter steeds via e pos aangeleenthede met my bespreek of by my aankom vir ‘n aangesig-tot-aangesig bespreking. Daar is lekker koffie!

TUINKOMPETISIE

13. Na ‘n aantal vergaderings met die sameroepers van die Kogelberg Garden Circle, is besluit om nie ‘n kompetisie te loods nie, maar om eerder ‘n skou te hou later in die jaar, en dat die opbrengs aan die BBBW geskenk sal word. Hulle is ‘n pragtige klomp mense en ek vind hulle ondersteuning van die BBBW verfrissend en edel.

BBBW BENODIG JOU

14. Ons benodig steeds areaverteenwoordigers. Dit is mense wat inligting kan ontvang vanaf lede in hul omgewing, en dan ‘n reaksie aan die gang kan sit. Hierdie persone sal wagradio’s aan hul uitgereik kry, Dit verleen dan direkte toegang tot die vier sekuriteitsfirmas en ander wagverteenwoordigers. So word tydsverkwisting uitgeskakel en die noodgeval/aktiewe misdaad kan so vinnig as moontlik mee gehandel word.

Daar is geen verteenwoordigers vir:

a. Sunny Seas

b. Jock’s Bay

c. Dawidskraal/Bassweg

d. Sentraal

e. Silversands

15. Ons benodig ook straatverteenwoordigers. Dit is mense wat gereeld gaan stap in hulle omgewing en wat veranderings en ongerymdhede vinnig sal opmerk en sal kan aanmeld via hul onderskeie areaverteenwoordigers – dinge soos leë erwe wat boupersele word, of mense wat op boupersele woon.

16. Dit is nodig om te sê: dit sou onregverdig wees van areas waar geen verteenwoordigers is nie, om te verwag dat vrywilligers van ander gebiede ook hulle gebiede bedien. As u nie vrywillig na vore kom as verteenwoordiger nie, moenie van iemand van ‘n ander area verwag om dit te doen, en dan nog die vermetelheid aan die dag te lê om die BBBW te kritiseer omdat hulle u nie van inligting voorsien nie. Dit is u wat nie aantree om diens te doen waar dit benodig word nie – u deelname is welkom! Hou in gedagte dat die BBBW die enigste geakkrediteerde en erkende organisasie in die area is met reeds bestaande infrastruktuur. Verwys na die aangehegte sertifisering.

17. Hier onder verskyn ‘n kaart van waar ons verteenwoordigers het:



OMTRENT MISDAAD EN MISDAADSYFERS

18. Misdaad neem toe soos wat gesien kan word in die misdaadsyfers. Ons benodig meer oë en ore sodat ons by verwikkelinge kan bybly. Ons bly in gesprek met die bestaande magte om inligtingverkryging te verhoog.

19. Dit is duidelik en baie belangrik om te weet dat as ons meer positiewe uitkomste vanaf ons SAPD en Wetstoepassingagentskappe wil hê, ons die volgende sal moet doen:

a. As ons ‘n klag het, moet ons ‘n verklaring aflê by die SAPD of ‘n wetstoepassingagentskap en bereid wees om die klag op te volg in ‘n hof. Tot dusver het dit nie dikwels gebeur nie. Kom laat ons ons dorpie op hierdie manier “skoonmaak”.
b. As ons ‘n inbraak of selfs poging tot inbraak ervaar, moet ons probeer om dit aan te meld by die SAPD, en ook ‘n saaknommer te verkry. As dit gedoen is, kan ons vingerafdrukwerk versoek en sodoende ‘n beter getuienisportufeulje te skep. Hieruit kan ‘n aanduiding verkry word van watter kriminele in Bettysbaai op welke wyse optree.
c. Tans gaan heelwat voertuie wat iewers anders geregistreer is mbt misdaad, ons dorpies binne. Ons moet weet waarheen hulle gaan wanneer hulle in ons gebiede is. Op hierdie wyse kan ons die SAPD en Wetstoepassing van inligting voorsien tov waar hulle is met die oog op optrede. Tans kom en gaan hierdie voertuie na willekeur.
d. Een positiewe aspek is dat diefstal van boumateriaal aan die afneem is.

20. Kletsgroepe via WhatsApp en Telegram: Stony Point beskik oor ‘n kletsgroep wat dit makliker maak om dinge buiten misdaad en nood te bespreek. Ek is voornemens om binnekort self een te begin in die Rondevlei-area. Wanneer dit gebeur, sal ek almal op die groepie insluit en u kan uself afhaal of die boodskap op “silent” stel, sonder enige gevolge vir u passiewe lidmaatskap. Sodra u uself verwyder van die noodgroep, sal ek u verwyder van die Wag en alle kommunikasie.

21. Betreffende die gee en deel van inligting – hou asb by die gebruik van amptelike inligting, en moenie dit self aanbied nie. Daar is weeklikse syfers wat bedoel is slegs vir u, met goeie rede. As u meer wil weet, sal ek dalk vir u meer inligting kan verskaf. Tans veroorsaak vals berigte en oordrywing baie onnodige probleme op alle vlakke.

22. Tans is daar ‘n nuwe groep misdadigers van binne en buite Bettysbaai wat hier werksaam is. Ons begin nou eers inligting omtrent hulle te kry, dus is u waaksaamheid as oë en ore selfs nog meer belangrik as voorheen. Byvoorbeeld, ‘n aantal waarnemings is voor ‘n inbraak gemaak, maar die inligting is by niemand aangemeld nie, en niemand kon reageer nie. Inligting versamel voor ‘n inbraak is belangrik. Vreemdelinge wat rondloop, vreemdelinge wat foto’s neem van huise, ‘n onbekende motor met vier mense daarin, ens. Sodra sulke waarnemings aangemeld word, kan iemand gaan ondersoek instel – wie/wat dit is. Hierdie soort van inligting na ‘n inbraak is minder doeltreffend. Ons kan wel daaruit leer, maar dit kon gebruik gewees het om ‘n inbraak te voorkom. In areas sonder verteenwoordigers, kontak asb die BBBW-nommer, of vir my direk sodat ons alle agterdogwekkende inligting kan ondersoek totdat daar wel ‘n aktiewe verteenwoordiger is. Dinge is nie soos wat dit voorkom nie, en ons moet nou meer as voorheen saamstaan.

23. Hou in gedagte – net u en u bure hoort hier in Bettysbaai. Die geleentheidsbesoeker, die bouer, die tuindienste, die skoonmaakdiens, die munisipale dienste is daagliks met ons, en ons behoort hulle te ken. Alle ander mense is vreemdelinge en ons moet navraag doen oor wat hulle hier doen. Bettysbaai is ons ruimte en niemand anders s’n nie.

24. Skenkings/geldelike bydraes: Die rekeningbesonderhede volg hieronder:

a. Ons verwysing is u erfnommer en bbnw, (4233bbnw)
or
b. Ons verwysing is u erfnommer en radios, (4233 radios)
or
c. Ons verwysing is u erfnommer en cameras, (4233cameras)

BBRA
Current Account
ABSA bank Hermanus
Takkode 632005
Rekeningnr. 4066616439

SAMEVATTING: LAAT ONS VERANTWOORDELIKHEID NEEM VIR ONS GEBIED

24. Ons moet verantwoordelikheid neem vir ons deel van die wêreld, want niemand anders gaan dit doen nie. Die opvatting dat die belastings wat ons betaal ons die reg verskaf op ondersteuning vanaf SAPD, die Munisipaliteit, Wetstoepassing, DEFF, Cape Nature, onder andere, is juis. Ons moet egter die werklikheid in die gesig kyk – al bogenoemde staatsinstansies is onderbeman en ondoeltreffend beman, ontoereikend befonds, betoon gebrekkige geesdrif en gebrekkige kennis – onder meer. Om hierdie redes moet ons dinge wat binne ons mag lê, verander, en die res energiek uitdaag. Maar ons durf nie maar net terugsit en kyk hoedat dinge agteruitgaan om ons heen, en dan alles an almal blameer nie. Ons kan ‘n verskil maak as ons intelligent te werk gaan op ‘n positiewe manier, en ondersteunend van mekaar is.

Dankie weer eens, en vriendelik groete.
Wayne

Figuur 2: Ongekoördineerde reaksiespan van 06:00 to 22:00
Gekoördineerde reaksiespan van 20:00 to 06:00

Zone	Naam	Van	Selnommer	Roepsein
BBNW	Wayne	Jackson	0829281260	Alpha nagspan
Silver Sands				Echo
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	0728868323	Romeo dagspan
Stony Point	Rob	Morrisby	0825286053	Bravo dagspan
Sentraal				Charlie
DKraal/Bass				Delta
Jock's Bay				Golf
Sunny Seas				Hotel
Bettysbaai	ASK		0711359029	ASK 24/7 span
Bettysbaai	Bolt		0612001246	Bolt 24/7 span
Bettysbaai	CULIVE		0861626347	CULIVE 24/7 span
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 1 24/7 span
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 2 24/7 span

Western Cape Government
Community Safety

CHIEF DIRECTORATE: SECURITY RISK MANAGEMENT
Neighbourhood.Watch@westerncape.gov.za
Tel.:+27 21 483 7813

REFERENCE: DCS 15/18/5/2
ENQUIRIES: MS A FORTUNE

LT COL A MAY
KLEINMOND POLICE STATION

MR JACOBUS OOSTHUIZEN
KLEINMOND COMMUNITY POLICE FORUM

Dear Lt Col May & Mr Oosthuizen

RE: NOTIFICATION OF ACCREDITATION APPROVAL –
BETTY'S BAY NEIGHBOURHOOD WATCH – DCS 15/18/009

It is hereby confirmed that the application for formal accreditation for the abovementioned Neighbourhood Watch has been approved in terms of ***Section 6, of the Western Cape Community Safety Act of 2013.***

You are advised that the accreditation is valid for a period of twenty four (24) months effective as from **05 JANUARY 2021.** Please note that you will be required to re-apply for renewal three (3) months prior to the expiration date.

As an accredited Neighbourhood Watch Structure you are able to access training and support opportunities offered by the Department. It should be noted that this is dependent on resource availability within the Department.

We acknowledge your efforts and willingness to make your neighbourhood safer.

An official **Accreditation Certification** handover ceremony will be arranged in due course and you will be informed accordingly.

Kind regards

MR S GEORGE
CHIEF DIRECTOR: SECURITY RISK MANAGEMENT
DATE: 29-01-2021

5th Floor, 35 Wale Street, Cape Town, 8001
tel: +27 483 5010 fax: +27 21 483 8643

Private Bag X5346, Cape Town, 8000
www.capegateway.gov.za

Western Cape Government
Community Safety

CHIEF DIRECTORATE: SECURITY RISK MANAGEMENT
Neighbourhood.Watch@westerncape.gov.za
Tel.:+27 21 483 7813

REFERENCE: DCS 15/18/5/2
ENQUIRIES: Ms Ayesha Fortune

ATT: MR WAYNE RAYMOND
4233 ADENANDRA
BETTY'S BAY
7141

Dear Mr Raymond

RE: NOTIFICATION OF ACCREDITATION APPROVAL –
BETTY'S BAY NEIGHBOURHOOD WATCH – DCS 15/18/009

It is hereby confirmed that your application for formal accreditation has been approved in terms of ***Section 6, of the Western Cape Community Safety Act of 2013.***

You are advised that the accreditation is valid for a period of 24 months starting as from **05JANUARY 2021.** You will be required to re-apply for renewal 3 months prior to the expiration date.

As an accredited Neighbourhood Watch Structure you are able to access training and support opportunities offered by the Department. It should be noted that this is dependent on resource availability within the Department.

We acknowledge your efforts and willingness to make your neighbourhood safer.

An official Accreditation Certification handover ceremony will be arranged in due course.

Kind regards

MR S GEORGE
CHIEF DIRECTOR: SECURITY RISK MANAGEMENT
DATE: 29-01-2021

5th Floor, 35 Wale Street, Cape Town, 8001
tel: +27 483 5010 fax: +27 21 483 8643

Private Bag X5346, Cape Town, 8000
www.capegateway.gov.za

Einde